# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 08:00 EN 09:30**

## Is jy reg vir die Sonsopkoms?

"Ek is die helder Môrester!"

**Skriflesing:**
Op 22:6-21

**Teksvers:**
Open 22:16

**Sing:**
Ps 147-1:1
Sb 9-3:1,2
Sb 7-2:2
Sb 3-3:1,3,5,6
Sb 13-3

**Prediker:** Ds Gerrit Kruger

As die sonsopkoms, moet ons reg en klaar wees vir die dag se werk. Die meeste van ons staan vroeg op as dit nog donker is, bad, trek aan, eet en berei ons voor vir die dag se werk.
Want as jy laat slaap...

- hardloop jy angstig deur die dag om alles klaar te kry, as jy vroeg opstaan,
- kan jy rustig jou dagtake afhandel.

Om ons te waarsku dat die dag al naby is, is daar 'n helder môrester, Venus, wat helder brand en die naderende dag aandui.
In hierdie laaste gedagte-eenheid van Openbaring, handel dit oor die Christen se gereedheid vir die wederkoms van ons Here Jesus Christus. Daarom gaan ons na drie sake kyk, hoe om ons voor te berei. Ons moet ...

- God se Woord gehoorsaam. Op 22:6-11,18-19
- ons lewens rein hou. Op 22:15,16
- voortdurend bid en Jesus Christus se wederkoms verwag. Op 17,20,21

**SONDAGAAND 18:00**

## Die krag van die geloof werk deur liefde

**Skriflesing:**
Galasiërs 5:1-26

**Teksvers:**
Galasiërs 5:5-6

**HK** Sondag 7 V&A 21

**Sing:**
Ps 107:1, 10
Ps 124:1, 4
Sb 2-4:1, 3
Sb 13-3

**Prediker:** Ds Lourens Venter

Geloof en Hoop en Liefde wek vreugde. Dit is die evangeliese boodskap. Vanaand staan ons stil by die eerste brief wat Paulus geskryf het, aan die Galasiërs, om te sien hoe hierdie drie terme gebruik word. Die Galasiër brief, is dan ook by uitstek 'n brief wat gaan oor geloof. Die hele pleidooi van Paulus wys op die teenstelling tussen die werke van die wet en die geloof.

In Hoofstuk is daar 'n pragtige samevatting waarin al drie hierdie terme saamgevat word nl. Dat ons deur die Heilige Gees uit die geloof wag op die vryspraak (geregtigheid). Want die krag van Jesus Christus is nie in menslike dinge soos die besnydenis nie, maar in die geloof, wat werk (energeo) deur die liefde. Amen




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA — DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 46 Nr 24 1 Augustus 2021**
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za


## "Ek is die Helder Môrester!"

*Die laaste "Ek is..." uitspraak in die Bybel.*

**Lyk die toekoms vir jou duister?** Wonder jy oor wat gaan van die land word? Wonder jy of jy jou kinders of kleinkinders in hierdie land moet grootmaak? Vrae en vrae en vrae… Positiewe antwoorde en negatiewe antwoord.

**Die toekoms is helder verlig!** Ja dit is die belofte van die laaste **"Ek is…"** uitspraak in die Bybel. Jesus openbaar Homself as die helder Môrester.

Miskien sien ons nie meer altyd die helder môrester nie. Maar ek het 'n vriend wat 'n melkery het naby Reitz in die Vrystaat. Elke oggend moet hy al vyfuur in die melkstalle wees. Die helder môrester is vir hom elke dag 'n wonderwerk sê hy. Vir ons in die stad, sien ons nie meer die sterre gereeld nie en dit is ook soms dof vanweë die besoedeling, maar op die platteland is dit helder en duidelik.

**Wanneer sien mens die helder môrester?** Wyle ds. Willem Vogel het dit so beskryf: *(http://gkcachet.org.za/preke/2013-05-12-aand/)*

"*Die môrester kom op wanneer die nag aan die verbygaan is.*

- *Die môrester skyn op sy helderste net voordat die dag breek.*
- *Die môrester sê dat die nag amper verby is en die nuwe dag amper daar is.*
- *Die môrester dien as 'n gids, 'n vaste punt.*
- *Die donker is besig om deur die lig vervang te word.*"

**Jesus Christus openbaar Homself as die "HELDER MÔRESTER!"**

- Ons lees alreeds dat die profeet Jesaja in Jes 9:1 geprofeteer het van die volk wat in donkerte geleef het, sal 'n groot lig sien, wat hulle lewens sal verlig.
- Bileam het al geprofeteer in Num 24:17 dat "*'n Ster sal te voorskyn kom uit Jakob.*"
- Die Wyse manne uit die Ooste is in die nag van Jesus se geboorte deur 'n ster gelei na Jesus toe. Mat 2:2

## *ALGEMENE INLIGTING*
### *EREDIENSTYE*

Die volgende eredienste word uitgesaai op tye soos aangedui:

Afrikaanse Oggenddiens: 08:00 en 09:30

Afrikaanse Aanddiens: 18:00

***Meer as oorwinnaars!***

Telefoon: 012 664 2614
Epos: kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226
Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330

---

**KLEINGROEPKOMMISSIE:** Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763.

**KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za.**

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins @gmail.com.

**EREDIENSTE OP CD** oudio-opname van 'n erediens: Johann Verreynne 082 554 9416

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

---

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*



## *VERJAARSDAE*

### *BELYDENDE LIDMATE*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 01-Aug | Melissa | Visser | B19 | 27793147672 |
| 02-Aug | Rulise | Badenhorst | A02 | 27829224034 |
| | Sonet | De Souza | A08 | 27835611221 |
| | Paul | vd Berg | A04 | 27842632055 |
| 03-Aug | Marié | Snyman | B17 | 27733404004 |
| | Chene | vd Walt | A05 | 27795174273 |
| 04-Aug | Gerda | Guldemond | A08 | 27823373326 |
| | Mukesh | Kumar | E01 | 27846301604 |
| | Esma | Tredoux | B04 | 27828377031 |
| | Rina | Venter | C01 | 27714034143 |
| | Rina | Venter | A16 | 27825622431 |
| 05-Aug | Lydia | Bezuidenhout | B03 | 27835655789 |
| | Koos | Pretorius | B18 | 27834595591 |
| | Lee-Anne | Wichtmann | C06 | 27722330949 |
| 07-Aug | Anthoni | Coetzee | B05 | 27798917932 |
| | Babs | Grobler | B16 | 27835377200 |
| | Pieter | vd Dussen | B17 | 27824167188 |

### *DOOPLIDMATE*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 03-Aug | Tinerie | Krynauw | B13 | 27636910019 |
| | Elzaan | vd Westhuizen | C15 | 27795125575 |
| 04-Aug | Karla | Gerber | C14 | 27827227097 |
| 05-Aug | Leandri | vd Bijl | C04 | 27732144780 |
| 06-Aug | Luane | Etsebeth | B13 | 27832583314 |

## K e r k k a m p

**8-10 Oktober,**
Udolpho Rivierplaas, Parys
(www.udolpho.co.za)

Tariewe is soos volg:

- Kampstaanplek: R380pn vir 5 persone
- 5 Bed chalets R800pn
- 4 Bed chalets R640pn

Belangstellendes kontak
PW Groenewald 082 899 0342

## Kerkkantoor-ure

Die kerkkantoor word beman op: Dinsdae, Donderdae en Vrydae tussen 09:00 en 11:00.

Indien u die kantoor dringend benodig vir administratiewe doeleindes, buiten die bg dae/tye, skakel Ellouis (Ma-Vry tussen 09:00-14:00) by:

**060 696 7373**

## Senior Aksie

Die bestuur van die Senior Aksie het dit goed gedink om die byeenkoms van **2 Augustus 2021** uit te stel tot 'n later datum.

Die beperkings wat gegeld het onder vlak 4, het ons verhinder om finale reëlings te tref met die groep wat sou kom optree.

Die winterkoue en die kwesbaarheid van ons groepie laat ons ook liewer snoesig warm by die huis bly hierdie keer.

Ons sal julle op hoogte hou van ons beplanning vorentoe.

Warm Senior-groete, Liesje Kuperus.

## Kerklike aktiwiteite

Die Bedieningskommissie het tydens sy vergadering Maandagaand besluit om kerklike aktiwiteite in ooreenstemming met wetgewing te hervat.

Alle ander kerklike aktiwiteite soos per die almanak kan ook voortgaan binne die bestaande beperking van 50 mense binnehuis en 100 mense buite. Skakel asb met die betrokke organiseerders en voorsitters om seker te maak oor reëlings in die verband.

Laerskool katkisasie sal vir eers nie voortgaan nie. Hoërskool katkisante sal kommunikasie van hulle onderskeie kategete ontvang rakende reëlings.

## Erediensbywoning

Die ondergenoemde wyke word hartlik uitgenooi om die eredienste by te woon, op tye soos aangedui. Om aan die nodige wetgewing te voldoen word lidmate gevra om **BY DIE AANGEDUIDE WYKE EN TYE, TE HOU.**

Oggenddienste is om 08:00 en 09:30 en aanddiens om 18:00. Die Engelse erediens vind plaas om 11:00, u is welkom om dit by te woon.

Ons versoek dat lidmate bo 60 en hoë risiko-gevalle baie versigtig moet wees en eerder hul eie veiligheid in ag moet neem.

Lidmate wat eredienste bywoon, word versoek om asb mekaar se veiligheid te respekteer en die nodige afstand en protokol te handhaaf **DEUR MASKERS TE DRA EN NIE AF TE HAAL TYDENS DIE DIENS NIE, EN DEUR HANDE TE SANITEER.**

| **01-Aug** | | |
|---|---|---|
| **08:00** | **09:30** | **18:00** |
| A01 tot A02 | A03 tot A04 | A05 tot A06 |
| B01 tot B02 | B03 tot B04 | B05 tot B06 |
| C01 tot C02 | C03 tot C04 | C05 tot C06 |

| **08-Aug** | | |
|---|---|---|
| **08:00** | **09:30** | **18:00** |
| A07 tot A08 | A09 tot A10 | A11 tot A12 |
| B07 tot B08 | B09 tot B10 | B11 tot B12 |
| C07 tot C08 | C09 tot C10 | C11 tot C12 |

| **15-Aug** | | |
|---|---|---|
| **08:00** | **09:30** | **18:00** |
| A13 tot A14 | A15 tot A16 | A01 |
| B13 tot B14 | B15 tot B16 | B17 tot B19 |
| C13 tot C14 | C15 | C01 |

... vanaf bl 1

**Watter troos is dit vir ons?**

As daar lig is, kan daar nie duisternis wees nie. Die lig verwyder die duisternis. Nou dink ons die toekoms is dalk donker. Maar die toekoms word al ligter. Die Môrester, Jesus Christus skyn al helderder en duideliker vir ons wat Hom ken en wat gereed maak vir die wederkoms. Ons moet nie vaskyk teen die aardse stryd, waar die Satan die lig wil uitdoof nie, maar ons moet opkyk en die helder Môrester raaksien. Jesus Christus leef. Jesus Christus is besig om vir ons plek voor te berei in die hemel. Jesus Christus laat sy lig helder skyn vir almal wat Hom moet raaksien in die geloof. Daarom is ons nie bang nie. Daarom is dit nie donker nie. Dit is helder verlig vir elkeen wat Jesus Christus ken en in sy hart het.

Ds. Gerrit



# *Ons gee om vir Mekaar*

*"...die Here sal my onder sy sorg neem."* Ps 27:10

- Hermien Prinsloo sterk tuis aan na 'n nek operasie (C13—083 285 5464).
- Marietjie Venter het weer 'n draai in die hospitaal gemaak (A6—084 208 4286).
- Anna-Marie van Staden sterk aan in Unitas hospitaal (A15—654 1851).
- Jetske Guldemond het toetse ondergaan (A1—667 2524).
- Manda Brink ondergaan Maandag 'n operasie (A15—651 4004).
- Al ons lidmate wat tans aansterk met Covid
- Meelewing word betuig met:
  - Christi Kruger en familie na die afsterwe van Martin.
  - Bettie Venter en familie na die afsterwe van Roelof.
  - Ben en Marlene Erasmus en familie na die afsterwe van Ben se broer.
  - Hendrik en Christelle Bornman na die afsterwe van Christelle se suster.
  - Willa Heystek en familie na die afsterwe van haar dogter.

***Al ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# *Kerkraadsvergadering*

Kerkraadsvergadering vind plaas op 12 Aug 2021 om 19:00

# *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

## KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Emeritaatsversoring

**Volgende week:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie

Neem asb kennis: miv 1 Januarie 2021 is tjeks as 'n betaalmetode gestaak.

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstelwerk, verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dak-waterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.


Sukkel jy om maandeliks jou **skuld en lopende uitgawes** te betaal? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

**Verkoop u, u huis?** U kan my aanstel as u oordrag prokureur. Onthou dit is die verkoper se keuse. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Is jou huis in die mark of soek jy 'n nuwe huis?** Ek het baie kopers wat in Centurion wil koop. Jaco Wattel Veritas eiendomme 082 854 1430.

**Liewe Tiener**, Ek wil graag help om jou selfvertoue te verbeter met jou **Handelsvakke**: Rekeningkunde, Ekonomie en Besigheidstudies. Ek het ervaring in Nasionale senior sertifikaat, IEB en Cambridge. Gaan kyk asb na my web: tauwi.co.za (Tutoring as you want it). Ons kan aanlyn werk of aan huis. Carina vd Dussen 082 374 2780.

**Bekostigbare hoender, kouevleise, groente, neute, sade en vele meer**! Besoek gerus ons webwerf www.dekarmenaadjie.co.za of skakel Annlia 083 324 1893 of Elzette 083 690 2364.



**GTA STAPTOER**

**23-26 SEPT 2021**

**Alle Tieners**: Kom stap saam die Fanie Botha in Graskop/Sabie op 23-26 September en beleef die skoonheid van God se skepping.
**Koste R550** pp vir 4 dae. Beperkte plekke.
Kontak asb ds Lourens by 082 5292 330

## Die Skep-Hoop-Fonds


Die Skep Hoop Fonds is aan die begin van Covid pandemie geskep om uitsluitlik mense in ons gemeente by te staan wat as gevolg van die pandemie finansiële nood het.

Sedert die fonds geskep is, is 'n bedrag van R614,584 ontvang waarvan R398,596 reeds uitbetaal is aan gemeentelede in nood.

Ons wil elke lidmaat wat bygedra het tot die fonds bedank. Ons versoek dat u sal aanhou bydra aangesien die gevolge van die Covid pandemie steeds diep sny en daar heelwat mense is wat swaarkry.

Kontak asseblief u ouderling, diaken, predikant of die diakoniebestuur vir verdere inligting of indien u hulp nodig het.

Marius Gerber 082 327 2949
Rudy Kruger 082 466 6035
Petra Swanepoel 082 92 77324
Theuns Louw 082 815 4275
Drikus van der Walt 060 569 2608






# *Katkisasie*

Die skole is weer aan die gang en na 'n lang vakansie begin ons weer met katkisasie. Tans gaan ons nog nie weer by die kerk katkisasie hou nie, ons sal laat weet sodra dit moontlik is. Die onderwysers is egter weer gereed om te help, op Google Classroom of WhatsApp. Kontak gerus vir Pieter van der Dussen (082 416 7188/vddussenpieter@gmail.com) vir meer inligting.

Die rooster vir die res van die jaar is as volg, probeer asseblief hierby hou. Ondersteun julle kinders met die werk.

- 1 Aug: Les 14
- 15 Aug: Les 15
- 22 Aug: Les 16
- 29 Aug: Les 17
- 5 Sep: Les 18
- 12 Sep: Les 19
- 19 Sep: Les 20
- 10 Okt: Les 21
- 17 Okt: Les 22
- 24 Okt: Les 23
- 31 Okt: Les 24
- 7 Nov: Les 25
- 14 Nov: Katkisasieafsluiting in die kerk

**Gr 8 -11 soos gereël deur onderwyser**

---

## Oproep—Dag van verootmoediging en gebed: Sondag, 15 Augustus

Klassis Potchefstroom roep kragtens KO art 66, na aanleiding van 'n versoek van die GK Randburg, al die kerke in die GKSA tot 'n dag van verootmoediging en gebed op Sondag, 15 Augustus op.

Die motivering vir die dag is soos volg:

1. Die Covid-19 pandemie wat die wêreld geruk het en ook in Suid-Afrika en Namibië die GKSA diepe hartseer veroorsaak het.
2. Die ongebreidelde kriminaliteit en plundery van winkels en infrastruktuur wat Suid Afrika die afgelope tyd teister. Voorbidding word veral gedoen vir die gemeentes en gemeenskappe in KZN en Gauteng wat intens hierdeur geraak is.
3. Stryd teen misdaad, ekonomiese bemagtiging van groot dele van die bevolking, tussen-etniese versoening en verbetering van owerheidsdienste en handhawing van wet en orde.
4. Dank vir milde reën oor groot dele van die land, maar ook 'n smeking vir genoeg reën vir droë gebiede soos dele van die Oos-Kaap en die Noord-Kaap is nodig.
5. Groter respek vir die skepping en die stryd teen uitbuiting van die natuur.

Allereers, en voor enige gebedsversoeke, gaan dit oor lof aan God vir Sy genade jeens die sondige mensdom, en diepe verootmoediging en bepleiting van ons sondeskuld op grond van Christus se eenmalige kruisoffer.